Aflaaifasiliteite	MOTOR-HUIS-AFVAL*	SKOON TUIN-AFVAL**	MOTOR-OLIE	BLIKKE EN METAAL	PAPIER	KARTON	GLAS	PLASTIEK	E-AFVAL	SKOON BOUERS-ROMMEL*	POLI-STIREEN	TETRA PAK
ATLANTIS Dassenbergweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
BELHAR Adam Tasweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔		✔	✔	✔
DE GRENDEL H.v. 5de Laan en Bertie Genadestraat, Parow	✔		✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
DELFT Fabriekstraat	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔		✔	✔	✔
GORDONSBAAI Sir Lowry's Pass-weg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
HOUTBAAI Hoofweg, naby Mandelaweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
KILLARNEY Potsdamweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
KOMMETJIE Kommetjieweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
LADIES MILE Ladies Mileweg, Constantia	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
MACASSAR Kramatweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
RAVENSMEAD Industrial Ringweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔		✔	✔	✔
RETREAT 10de Laan	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
SCHAAPKRAAL Ou Schaapkraalweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔		✔	✔	✔
SEEPUNT Tramwayweg			✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔		✔	✔
SIMONSTAD Blue Watersslot	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
TYGERDAL Orangestraat	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
WELGELEGEN Akademiestraat	✔		✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
WYNBERG Rosmeadlaan	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
WOODSTOCK Kusweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔

VULLISOORLAAISTASIE AFLAAIFASILITEITE BESKIKBAAR	MOTOR-HUIS-AFVAL*	SKOON TUIN-AFVAL**	MOTOR-OLIE	BLIKKE EN METAAL	PAPIER	KARTON	GLAS	PLASTIEK	E-AFVAL	SKOON BOUERS-ROMMEL*	POLI-STIREEN	TETRA PAK
ATHLONE-VULLISOORLAAISTASIE Settlersweg**	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔		✔		
KKRAAIFONTEIN H.v. Maroela- en Sandringhamweg	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔

VULLISTERREINE GEMENGDE VRAGTE	GARAGE WASTE*	CLEAN GARDEN WASTE**	MOTOR OIL	CANS AND METAL	PAPER	CARD-BOARD	GLASS	PLASTIC	E-WASTE	CLEAN BUILDER'S RUBBLE*	POLY-STYRENE	TETRA PAK
BELLVILLE SUID VULLISTERREIN	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
KUSWEG PARK VULLISTERREIN	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔
VISSERSHOK VULLISTERREIN	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔	✔

*Slegs een 1,3 ton-vrag per persoon per dag **Slegs drie 1,3 ton-vragte per persoon per dag

'n Nuwe tarief van R57 (wat BTW insluit) geld vir 'n vrag bourommel van meer as 1,3 ton. Vragte van minder as 1,3 ton is steeds gratis.

Let wel: Motorhuisafval word omskryf as enige huishoudelike afval buiten residensiële afval, skoon bourommel of skoon tuinvullis wat van residensiële eiendomme af kom. • Skoon tuinvullis word omskryf as oortollige plantegroei wat deur tuinmaakbedrywighede gegenereer word op eiendomme in die Stad se munisipale regsgebied wat vir residensiële of huishoudelike doeleindes gesoneer is. • Skoon bourommel word omskryf as afval wat bestaan uit gebreekte stene, sandsteen, sement, pleister en soortgelyke onaktiewe materiaal, maar sluit papier, plastiek, hout, glas, metaal en gevaarlike afval uit. Skoon bourommel word gebruik om tydelike paaie op vullisterreine te bou en behoort daarom nie voertuigbande te beskadig nie.

Oproepsentrumnommer **0860 103 089** Vasteafvalbestuur

VERSTOPPINGS

Alles wat jy moet weet … maar nie wou vra nie!

CITY OF CAPE TOWN ISIXEKO SASEKAPA STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

Water en Sanitasie

Die Stad Kaapstad se direktoraat waterdienste is verantwoordelik vir die bestuur en instandhouding van 650 km grootmaat waterpypleidings, ongeveer 10 000 km se waternetwerkpype, 10 waterbehandelingsaanlegte, sowat 9 000 km se rioolpypleidings en 23 afvalwaterbehandelingsaanlegte.

Die Stad se rioolstelsel is onder erge druk omdat dit, in die meeste gevalle onwetend, misbruik word deur mense wat eenvoudig nie weet hoe om andersins met hul afval weg te doen nie.

Stel jou voor watter uitwerking dit op die stelsel het indien enigiets anders as wat normaalweg in die toilet (soos urine, ontlasting, toiletpapier) of in die kombuiswasbak (water, opwasmiddel) afgespoel word, in die rioolpype beland en dit uiteindelik verstop.

Wat veroorsaak verstoppings?

Die soort goed wat pype laat verstop, is vet, lappe, tampons, hare, boomwortels, sand, koerantpapier, weggooidoeke, boumateriaal, olie, klip, plastiek, skerp voorwerpe, eetgerei en selfs die oorskot van fetusse.

- Vet is 'n groot probleem omdat dit in sekere soorte pype saampak. Dit werk soos gom en trek lappe, hare, papier en plastiek aan. In 'n oogwink is die pyp verstop.
- Olie, paraffien, verf, ens. besoedel duisende liter riool, en veroorsaak ernstige probleme by behandelingsaanlegte.
- Indien stormwater (reënwater) in die rioolstelsel afgevoer word, kan dit die stelsel oorlaai en te vol maak, wat op sy beurt riool by die mangate in die straat kan laat uitvloei.

Voorkomingsmaatreëls

Die volgende voorkomingsmaatreëls kan getref word om te keer dat die rioolstelsel verstop:

- As jy vetterige kos gaarmaak, laat die vet afkoel en verdik of verhard. Sodra dit gestol het, draai dit toe in koerantpapier of sit dit in 'n sak voordat jy dit in die vullisdrom gooi wat weekliks leeggemaak word.
- Lappe, papier, tampons en weggooidoeke behoort in die gewone huisdrom of die sanitêre drommetjies verskaf deur sake-ondernemings gegooi te word.
- Sand beland gewoonlik in die rioolstelsel vanweë onwettige stormwateraansluitings. Bou-inspekteurs behoort alle geboue behoorlik na te gaan voordat hulle die inspeksieblad onderteken. Vee sand op jou eie perseel weg van die drein, en gooi dit bietjies-bietjies in die gewone huisdrom of neem dit na jou plaaslike aflaaiterrein.
- Boomwortels wat deur die rioolstelsel groei, kom algemeen voor. Die omgewing is baie bevorderlik vir die ontwikkeling van wortelgroei, en daar is nie werklik 'n oplossing nie, buiten om die boom af te kap.
- Die meeste boumateriaal beland in die rioolstelsel wanneer kontrakteurs/bouers dié materiaal deur die mangate in die stelsel stort. Dit plaas onnodige druk op die stelsel.
- Die meeste onwettige oliestorting vind in nywerheidsgebiede sowel as by diensstasies plaas. Die enigste manier om dit te keer is om gereelde inspeksies te onderneem.
- Soms vind die Stad selfs die oorskot van fetusse in die rioolstelsel.
- Moenie reënwater van dakke en plaveisel in die rioolstelsel afvoer nie.
- Maak seker dat alle mangatdeksels en steekoogtoegangsdeksels en buitepype toe is. Dit keer dat slegte reuke en kakkerlakke uit die stelsel ontsnap en dat sand, klippe, stokke, speelgoed, ens. in die stelsel beland.
- Moenie self jou privaat drein probeer ontblok nie. Bel 'n loodgieter om jou te help.

Stormwaterdreine

Stormwaterdreine word dikwels verkeerdelik as 'n afvalwaterstelsel gebruik. Onthou, die munisipaliteit voorsien stormwaterdreine slegs om oortollige reënwater weg te voer en só oorstromings te voorkom. Indien hierdie dreine as 'n weggooipunt vir olie, vet, bourommel, ens. gebruik word, verstop die stelsel en is daar 'n groter gevaar van oorstroming wanneer dit begin reën.

Moenie self jou privaat drein probeer ontblok nie. Bel 'n loodgieter om jou te help.

Meld enige stukkende of ontbrekende stormwatertralieluike, mangatdeksels of steekoogtoegangsdeksels by die voltydse tegniese beheersentrum aan:

Deel oproep: 0860 103 089
E-pos: WaterTOC@capetown.gov.za
SMS: 31373 (Maks 160 karakters)